

**LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD**  
**Sondag 24 Julie 2011**

Oggenddiens 09:30		Aanddiens 18:00	
Lied	Bladsy	Lied	Bladsy
1.	<b>Skrifberyming 1-2:1, 2, 3</b>	<b>Psalm 145:1,2,3,4</b>	<b>Bl.696</b>
2.	<b>Psalm 119:1</b>	<b>Bl. 585</b>	<b>Skrifberyming 5-3:1 &amp; 2</b>
3.	<b>Psalm 18:1</b>	<b>Bl. 71</b>	<b>Skrifberyming 10-2:1</b>
4.	<b>Skrifberyming 2-2:1</b>		



### BYEENKOMS, 55-PLUSSERS

Die 55-plussers het 'n byeenkoms in die hartjie van die winter met warm trooskos, goeie musiek, kuier en goeie vriende. Dit beloop om 'n gesellige aand te wees. Almal in die gemeente, 55 jaar en ouer, plus dr. Sarel en sy gesin, word hartlik uitgenooi om die aand saam te geniet.

### DIE NODIGE INLIGTING

Datum: Vrydag 29 Julie 2011  
 Tyd: 18:00  
 Plek: Kerksaal  
 Kleredrag: Volgens weer, jasse, serpe, kombesies  
 Tema: Pasta, Port en Poeding  
 Koste: R30 p.p.  
 Eetgerei: Sal verskaf word  
 Drinkgoed: Bring eie drinkgoed saam (nie port) en 'n glas wat daarby pas  
 Spyskaart: Sop, pasta en poeding. Christa sal met die dames reël om te help met die kos.

*SKRYF ASSEBLIEF JULLE NAME OP DIE LYS IN DIE PORTAAL AS JULLE DIE FUNKSIE GAAN BYWOON.*

Sien julle daar! Francois Snyman



# SIMBAAL

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 6

Sondag 24 Julie 2011

Nommer 18

### DIE KERK IS NET ANDERS

Die kerk staan viervoet in die daaglikse lewe maar verskil op alle gebiede van dit wat in die samelewing gebeur.

- Wat die kerklike lewe betref speel **kennis** 'n onmisbare rol soos in die daaglikse lewe ook. Geloofskennis is egter 'n “vaste vertrouwe” en nie laboratorium resultate nie.
- In die kerklike lewe is **taal** onontbeerlik. Maar **geloofstaal** het 'n ander inhoud as 'n heildronk-toespraak by 'n troue of 'n gelukwensing by 'n verjaarsdag.

**Sosiale verkeer** tussen lidmate van 'n gemeente is noodsaaklik. Maar **geloofsomgang** het 'n ander karakter as 'n geselligheid na 'n sportbyeenkoms of 'n spoggerige dinee.

In die kerklike lewe word **geld** hanteer. Die dankbaarheidskarakter van geloofsgeld sal jou nie laat droom om **afslag** te vra of vir 'n winskopie ten opsigte van die verlossing nie.

Binne die grense van die kerk word met **dissipline** opgetree. Maar die **liefdeskarakter** van geloofsdissipline en tug verskil van die strafmaatreëls van die howe of dié van 'n skeidsregter tydens 'n rugbywedstryd. In die kerk kry jy nie 'n rooi- of geelkaart nie.

Op kerklike terrein is daar ook **leiers**, maar hulle word **diensknegte** genoem omdat hulle in die diens van Christus staan waar boikotte en sloerstakings geen plek het nie.

Omdat die kerk die liggaam van Christus is, is daar al hierdie verskille. Ons moet weet die kerk is wel **in** die wêreld maar nie **van** die wêreld nie (Joh. 17).

*Dr. Nico van der Merwe*



## PREKE VANDAG

Dr. Sarel van der Walt



Oggenddiens Tema: **WYSHEID IS OM DIE HERE TE DIEN.**

**Lees:** Psalm 14:1-7 & Job 28:12-28

**Teks:** Psalm 14:1 & Job 28:28

Psalm 14 en Job 28 stel twee begrippe aan die orde: Dwaasheid en Wysheid. Psalm 14:1 sny deur na die grootste dwaasheid wat daar is: **“Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen God nie”**. Is daar ’n groter dwaasheid as die miskenning van God? Job tob oor die teenoorgestelde: **“Maar die wysheid – waar word dit gevind?”** (28:12). Uiteindelik het Job tot die konklusie gekom: **“God weet die weg daarheen, en Hy ken die woonplek daarvan”** (28:23). **“Om die Here te dien, dit is wysheid, om die kwaad te vermy, dit is insig.”** (28:28).



Aanddiens Tema: **JESUS, SALIGMAKER**

**Lees:** 1 Timoteus 2:1-7 & Sondag 11

**Teks:** 1 Timoteus 2:5, 6a

Die inhoud, die kern van die evangelie en die ganse Bybel – Jesus Christus wat die vergestaltung geword het van God se liefde en genade. Maar in Hom lê die realisering van ons saligwording. Ons saligheid is alleen in Christus te vind EN BY NIEMAND ANDERS NIE! Daar is nie ’n ander weg as die weg wat deur Christus na die Vader lei nie.



## GOD ROND AF

Lees: Prediker 3

Fokus: Prediker 3:15 (Ou Vertaling)

So baie dinge in die lewe moet oor en oor gedoen word om dit in stand te hou. As ek nie gereeld chloor en suur in my swembad gooi nie, word dit groen. As ek nie die gras sny nie word dit lank. As ek nie my huis verf nie, vergaan dit. Dag na dag, week na week, maand na maand en jaar na jaar is daar altyd dieselfde dinge wat gedoen moet word. ’n Eindelose herhaling – menslik gesproke! Dit is die aardse lyn van roetine wat dag na dag en jaar na jaar deur hierdie lewe loop.

En nou is dit so, hierdie aardse lyn is dikwels so alles bepalend, of so voel dit vir ons. ’n Mens moet net keer of dit neem jou hele lewe oor, soveel so dat daar niks tyd oorbly vir die geestelike dinge nie, vir ’n vertikale God-gerigte lewe nie.

Wanneer ons die boek Prediker lees, dan hoor ons ’n ondertoon van moedeloosheid. Alles hang skynbaar in die lug en niks kom tot iets nie. Daarom die woorde van Pred. 2:17 wat soos ’n refrein dwarsdeur die boek Prediker herhaal word: “Alles kom tot niks, dit is ’n gejaag na wind.” Wat sê hierdie fokusversie egter? “... God soek weer op wat verbygegaan het.”

Wanneer die Prediker as ’t ware vassteek by: Alles is tevergeefs en ’n gejaag na wind, dan kry hy telkens die helderheid om op te kyk na bo en om te breek met die horisontale lyn, en onmiddellik is daar ’n nuwe dimensie wat ontvou. Die mens kan saai en bou en ontwikkel (horisontale lyn), maar dit is God wat afrond (vertikale lyn). Dit is God wat tot volheid bring. God gee sin en inhoud aan ons lewens. Hy tel die lyne van ons gebroke lewens op en maak dit reguit. “God soek weer op wat verbygegaan het”.

Waar kry ons ’n treffender beeld van God se opsoekende liefde as God wat sy eniggebore Seun in die vlees gestuur het omdat Hy die wêreld so lief gehad het. Dit is asof God die aardse horisontale lyn, vertikaal opbuig na bo, want Hy het ewigheidsbetekenis aan ons aardse bestaan gegee. En dit verander alles. Wat sou ons aardse lewe wees sonder God? ’n Dodelike roetine. ’n Sinlose maalkolk waarin alles tot niks kom.

Alles is nie net dodelike roetine nie. Die lewe bestaan nie net uit ’n horisontale lyn nie. Elke liewe dag is God besig met bouwerk en kapwerk aan die lewens van sy gelowige kinders, nie om ons gereed te maak vir die graf nie, maar vir die koninkryk van die hemele waar Hy vir elkeen van sy kinders ’n plek voorberei. Hy is met ons oppad na hierdie volheid toe.

Hy is met bouwerk besig, Hy hou nie op as ons moedeloos is nie. Jaar in en jaar uit werk Hy met sy Woord en Gees in ons lewens en kap Hy en beitel Hy, sodat wanneer Hy ons roep, ons plek in die Vaderhuis gereed is en ons gereed is vir die plek in die Vaderhuis. Hy laat vaar nie die werke van sy hande nie. Hy rond af wat Hy begin het.

Dr. Sarel van der Walt

### BEROEPING NA DIE TSP

Dit was werklik met gemengde gevoelens dat ek die beroep as professor na die Teologiese Skool aanvaar het: Aan die een kant is ons nog kort in Klerksdorp en is dit heerlik om hier te woon en te werk, en het ons 'n mooi band met die gemeente begin vorm; aan die ander kant is enige beroep roeping deur die Here, en het ek die roeping sterk gevoel om diensbaar te kan wees in die opleiding van toekomstige predikante van die Gereformeerde Kerke en die uitdra van die reformatoriese teologie binne die wetenskapsbeoefening aan die universiteit en fakulteit Teologie.

Die praktiese implikasie van die beroepsaanvaarding behels dat ek op 1 Januarie 2012 diens aanvaar by die universiteit. Ek is dus nog predikant van Klerksdorp-Noord tot aan die einde van die jaar, maar sal iewers teen Desember (middel Desember?) moet verhuis Potchefstroom toe. Tot dan sal dit vir ons 'n voorreg wees om die werk van die Here in hierdie gemeente met liefde te verrig en sal ek ook in hierdie tyd die Kerkraad en gemeente begelei in die beroepingsproses van 'n volgende leraar vir die gemeente soos, en wanneer die Kerkraad besluit om die proses te laat verloop.

Baie dankie vir al die meeewing in hierdie tyd waarin ek die beroep moes oorweeg, en die gebede wat vir ons opgegaan het. Ons waardeer dit werklik baie!

*Sarel en Anina van der Walt*



### FEBA RADIOBEDIENING

FEBA Radio (Far East Broadcasting Association) is 'n internasionale sendingorganisasie wat die evangelie deur middel van radio uitdra. FEBA Radio is aktief werksaam met die doel om Christelike radioprogramme te maak en na die mins-bereikte mensegroepe van die wêreld uit te saai sodat luisteraars Jesus Christus as Verlosser kan leer ken, gehoorsaam en saam met ander gelowiges kan dien. FEBA se radioprogramme reik daaglik uit na ongeveer 3,2 biljoen potensiële luisteraars oor 'n breë spektrum van tale en mensegroepe regoor die aarde, in meer as 163 tale, 365 dae van die jaar. Synde 'n groot aantal mense in Afrika, die Midde-Ooste en Asië nie kan lees of skryf nie, bly radio 'n ideale medium om deur die skans van ongeletterdheid te breek en die evangelieboodskap te versprei. Geen advertensies vir ondersteuning word saam met die programme uitgesaai nie en FEBA is volledig afhanklik van gebed en bydraes deur Christene en gemeentes dwarsdeur die wêreld en in Suid-Afrika.

BOSTAANDE IS ENKELE UITTREKSELS UIT DIE FEBA SE INLIGTINGSTUKKE. INDIEN JY MEER INLIGTING VERLANG, KONTAK GERUS MET DR SAREL OF BR PEET VAN DER WALT. PAMFLETTE IS BESKIKBAAR OM 'N MEER OMVANGRYKE BEELD TE BIED OP DIE WERKSAAMHEDE VAN FEBA.




### LIEF-EN-LEED & VOORBIDDING

- **Sr. Lidie Botha** is die afgelope week uit Wilmed ontslaan na haar operasie om haar heup met 'n pen te heg. Die operasie was suksesvol en ons bid haar 'n mooi herstel toe.
- Ons dink in ons gebede aan **br. Peet en sr. Emma Bezuidenhout** wat beide behandeling vir kanker ontvang. Mag ons hemelse Vader julle in sy troue liefde dra en verseker van sy nabyheid.
- **Sr. Emma Coetzer** (Santie van der Westhuizen se ma) is die afgelope week weer behandel in Sunningdale.
- **Br. Paul Vorster** het verlede Saterdag sy bobeen gebreek. Hy is tans in die intensiewe eenheid van die Wilmedhospitaal. Daar het komplikasies ingetree, o.a. 'n bloedklont in die been en baie infeksie. Ons bid hom en sr. Mienie sterkte toe en hoop dat hy spoedig sal herstel.



### KATKISASIE OPENING

Die katkisasie open na die diens in die kerk. Die hoërskoolkinders word versoek om direk na die opening vir 'n paar oomblikke agter te bly om bietjie met julle te gesels oor 'n paar aksies wat daar vir julle beplan word.



KOLLEKTES		
Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
24 Julie	Barmhartigheid	Ekumenisiteit Buiteland
31 Julie	Barmhartigheid	Jeug in London
7 Augustus	Barmhartigheid	Emeritaatsversorging
14 Augustus	Barmhartigheid	Sustentasie Khuma
21 Augustus	Barmhartigheid	Sustentasiefonds GKSA



GEMEENTEPROGRAM		
Sondag 24 Julie tot Saterdag 30 Julie 2011		
Sondag 24 Julie	Oggenddiens	09:30-10:30
Sondag 24 Julie	Katkisasie – Les 15	10:30
Sondag 24 Julie	Erediens	18:00-19:00
Sondag 24 Julie	Bybelstudie	19:00-20:00
Maandag 25 Julie	Breë Kerkraad	18:00
Woensdag 27 Julie	Bybelstudie Pastorie	10:00-11:00
Vrydag 29 Julie	55 Plussers Kerkzaal	18:00



TEESKINKBEURTE	
Sondag 24 Julie 2011	Wyke 22 & 23
Sondag 31 Julie	Wyke 24 & 25
Sondag 7 Augustus 2011	Wyke 26 & 27
Sondag 14 Augustus 2011	Wyk 28 & Wyk 1
Sondag 21 Augustus 2011	Wyke 2 & 3



Verjaarsdae			
25 Julie	Mariana Aucamp	Wyk 3	082-952-7010
27 Julie	Japie Olivier	Wyk 23	083-417-7789
27 Julie	Marcelle Kruger	Wyk 4	018-468-3351
27 Julie	André Kruger	Wyk 5	018-468-3256
27 Julie	Robert Oifjoen	Wyk 7	083-409-5055
28 Julie	Jan Louw	Wyk 13	018-431-1637
29 Julie	Hanlie Mocke	Wyk 23	018-468-3671
30 Julie	Blikkies Blignaut	Wyk 1	018-468-5285
30 Julie	JD van der Walt	Wyk 7	018-468-2664

Ons wens u baie goeie gesondheid, geluk en vreugde toe vir die nuwe jaar!



## BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

### BEROEPE ONTVANG

- Ds. GC Coetzee van Nigel na Amanzimtoti.
- Ds. PW Kurpershoek van Middelburg na Pietersburg-Suid.
- Ds. ML Mulaudzi van Roodepoort na Dobsonville.
- Dr HG Stoker van Frankfort na Teologiese Skool Potchefstroom as professor in Etiek.
- Dr SP van der Walt van Klerksdorp-Noord na Teologiese Skool Potchefstroom as professor in Dogmatiek.

### BEROEPE AANVAAR

- Dr SP van der Walt van Klerksdorp-Noord na Teologiese Skool Potchefstroom as professor in Dogmatiek.

### BEROEPE BEDANK

- Ds. SJ Briel van Bergbron na Oos Londen.
- Ds. GC Coetzee van Nigel na Amanzimtoti.
- Ds. TF Dreyer van Randburg na Pretoria-Annlin as medeleraar.
- Ds. PW Kurpershoek van Middelburg na Pietersburg-Suid.
- Dr. DF Muller van Buffeldoorns na Krugersdorp as medeleraar.

## PADKAFEE - AAND KERRIE & RYS

Vrydag 12 Augustus 2011 DV

Beskikbaar by die kerkzaal  
van 16:00 – 18:00

Aandete vir die hele gesin  
Klein = R10  
Groot = R15

Bestelvorms vanaf Sondag 24 Julie  
2011 beskikbaar by die deure

